higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

2 Desember 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 (a) samewerkende
(b) nasionale
(c) provinsiale (3)

1.2 (a) munisipale
(b) middelvlakbestuur
(c) beleide (3)

1.3 (a) primêre
(b) regulasies (2)

1.4 (a) uitvoerende gesag
(b) premier (2)
[10]

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 H
3.3 F
3.4 A
3.5 I
3.6 D
3.7 K
3.8 J
3.9 C
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Daardie funksies wat konkurrent (tussen verskillende sfere gedeel) is
- Daardie funksies wat uitsluitend is (deur slegs een sfeer uitgevoer) (2)

4.2 Artikel 85(2) van die Grondwet bepaal dat die President die uitvoerende gesag saam met ander lede van die Kabinet uitoefen, deur:
- nasionale wetgewing uit te voer,✓ behalwe waar die Grondwet of 'n Parlementswet anders bepaal.✓
- nasionale beleid te ontwikkel✓ en uit te voer.✓
- die funksies van staatsdepartemente ✓ en -administrasies te koördineer.✓

(Enige 3 × 1) (3)

4.3 Funksies word aan die lede van die uitvoerende raad toegewys om te administreer,✓ en hulle is afsonderlik✓ en gesamentlik✓ aanspreeklik teenoor die premier en die provinsiale wetgewer ✓ om die provinsiale regering✓ en die implementering van sy beleide te bestuur.✓ Hulle word ook in sommige provinsies 'provinsiale ministers' genoem.✓ (Enige 3 × 1) (3)

4.4
- Om te bestuur
- Om te verteenwoordig (2)

4.5
- Die wetgewende gesag
- Die uitvoerende gesag
- Die regsprekende gesag (3)

4.6
- Die wetgewende gesag maak,✓ wysig ✓ en herroep wette.✓
- Die uitvoerende gesag voer die wette uit,✓ stel dit in werking ✓ en dwing die wette af.✓
- Die regsprekende gesag oorweeg✓ enige saak wat betwis word✓ en bepaal✓ hoe die wet toegepas moet word✓ om die geskil te besleg.✓

(Enige 5 × 1) (5)

4.7
- Koningskap of koninginskap
- Primêre ('principal') tradisionele leierskap
- Senior tradisionele leierskap
- Hoofmanskap (Enige 2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1
- die vrede, nasionale eenheid en onverdeelbaarheid van die Republiek bewaar;
- die welstand van die mense van die Republiek verseker;
- doeltreffende, deursigtige, verantwoordingspligtige en samehangende regering vir die Republiek in die geheel voorsien;
- getrou wees aan die Grondwet, die Republiek en sy mense;
- die grondwetlike status, instellings, bevoegdhede en funksies van regering in die ander sfere respekteer;
- hulself geen bevoegdheid of funksies toe-eien behalwe dié wat ingevolge die Grondwet aan hulle opgedra is nie;
- hul bevoegdhede uitoefen en hul funksies verrig op ’n wyse wat nie inbreuk maak op die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van regering in ’n ander sfeer nie; en
- in wedersydse vertroue en goeie trou met mekaar saamwerk (Enige 5 × 1) (5)

5.2 In wedersydse vertroue en goeie trou met mekaar saamwerk deur
- vriendskaplike betrekkinge te bevorder;
- mekaar te help en te ondersteun;
- mekaar van inligting te voorsien, en met mekaar oorleg te pleeg, oor sake van gemeenskaplike belang;
- hul optrede en wetgewing met mekaar te koördineer;
- by ooreengekome prosedures te hou; en
- regsverrigtinge teen mekaar te vermy. (Enige 5 × 1) (5)

[10]

VRAAG 6

6.1 Regerings skep gewoonlik staatsdepartemente om goedere en dienste te voorsien wat tot voordeel van die algemene welstand van die publiek sal wees.✓ Aangesien daar altyd ’n toename in die vraag na meer en beter dienste is, neem die regeringsaktiwiteite voortdurend toe en verander ook wat karakter en omvang betref.✓ Departemente alleen kan nie aan hierdie vereistes voldoen nie. Dit is duidelik dat, indien die regering voornemens is om toereikende dienste te lewer, alternatiewe reëlings getref moet word.✓ Die uitvoerende instellings wat bykomend tot staatsdepartemente geskep word, staan as niedepartementele instellings bekend.✓ Hulle hanteer sake waarvoor dit onnodig of ontoepaslik sou wees om ’n regstreekse politieke bestuurder te hê.✓ Senior staatsamptenare staan aan die hoof hiervan.✓

Niedepartementele instellings is instellings wat help om inligting en dienste aan die publiek te lewer,✓ maar funksioneer nie onder dieselfde streng toesighouding as staatsdepartemente nie.✓ Niedepartementele instellings het meer vryheid.✓ (6)

6.2
- Raadgewende instellings✓
- Navorsing✓-en-ontwikkelingsinstellings✓
- Regulatiewe instellings✓ (4)

[10]

VRAAG 7

7.1 ’n President word ooreenkomstig die volgende voorgeskrewe prosedures verkies (vervat in Deel A van Bylae 3 van die Grondwet):

- Die Hoofregter of ’n aangewese regter moet vir nominasies vra. ✓
- Nominasies moet op die voorgeskrewe vorms voorgelê word. ✓
- Twee lede van die Nasionale Vergadering moet die vorm onderteken waarop ’n nominasie voorgelê word. ✓
- Die genomineerde moet die nominasievorm onderteken as aanvaarding van die nominasie. ✓
- Die hoofregter of ’n aangewese regter moet die name van die genomineerdes by dieselfde vergadering aankondig. Geen debat word toegelaat nie. ✓
- Indien slegs een kandidaat genomineer word, moet die voorsittende beampte verklaar dat daardie kandidaat verkies is. ✓

Die besonderhede van die verkiesingsprosedure is soos volg:
- By die vergadering moet ’n geheime stemming gehou word. ✓
- Elke lid wat by die vergadering teenwoordig is, mag een stem uitbring. ✓

Die voorsittende beampte moet die persoon wat die meerderheid van die stemme kry, verkies verklaar. ✓

(Enige 6 × 1) (6)

7.2
- Die persoon wat die laagste getal stemme gekry het, word uitgeskakel.
- Indien meer as een kandidaat ná die stemming oorbly, word ’n verdere stemming gehou.
- Weer eens word die persoon wat die laagste getal stemme gekry het, uitgeskakel.
- Die proses moet herhaal word totdat slegs een persoon die meerderheid stemme ontvang. (4)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 8

Baie van die 'nuwe' benaderings tot polisiëring en misdaadbestryding in Suid-Afrika gedurende die afgelope 20 jaar, soos gemeenskapspolisiëring, vennootskapspolisiëring, probleemgeoriënteerde polisiëring en sektorpolisiëring, wys hoe die polisiediens probeer om sy benadering tot wetstoepassing aan te pas in 'n poging om op die hoogte van sake te bly.✓

George Fivaz, 'n vorige Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, het nog 'n perspektief bygevoeg toe hy die volgende gesê het:

"Ons moet die feit erken dat misdaadbestryding net soveel 'n stryd teen ongunstige sosio-ekonomiese toestande is as wat dit 'n stryd teen georganiseerde misdaad is.✓ Dit is net soveel 'n veldtog teen maatskaplike✓ en morele verval✓ as wat dit teen wetteloosheid en wanorde is."✓ (Burger 2007:108)

Gemeenskapslede kan 'n waardevolle bydrae tot hierdie nuwe inisiatiewe lewer.✓

Volgens die inleiding tot Hoofstuk 12 van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030:

"Persoonlike veiligheid is 'n mensereg.✓ Dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir menslike ontwikkeling,✓ verbeterde lewensgehalte✓ en verhoogde produktiwiteit.✓ Wanneer gemeenskappe nie veilig voel nie✓ en in vrees lewe,✓ word die land se ekonomiese ontwikkeling✓ en die mense se welstand geraak,✓ wat hulle verhinder om hul potensiaal te bereik."✓

Volgens die Plan is enkele van die sleutelpunte om veiliger gemeenskappe te vestig die volgende:

- Die strafregsplegingstelsel moet 'n enkele stel doelwitte,✓ prioriteite✓ en prestasiemetingteikens hê.✓
- Die polisie moet geselekteer✓ en opgelei word✓ om professioneel en onpartydig te wees,✓ op gemeenskapsbehoeftes te reageer,✓ bevoegd te wees en vertroue in te boesem.✓
- 'n Geïntegreerde benadering✓ tot veiligheid en sekuriteit✓ vereis gekoördineerde optrede oor 'n verskeidenheid departemente,✓ die private sektor✓ en gemeenskapsliggame.✓ Laasgenoemde moet gemeenskapsveiligheidsentrums insluit waarin nuwe lewe geblaas is.✓
- Alle weerlose groepe,✓ insluitend vroue,✓ kinders✓ en landelike gemeenskappe,✓ moet gelyke beskerming geniet, en hul vrees vir misdaad moet uit die weg geruim word deur doeltreffende,✓ gekoördineerde reaksie van die polisie,✓ sakesektor,✓ gemeenskap✓ en burgerlike samelewing.✓

Dit is belangrik om tussen bepaalde konsepte te onderskei. Gemeenskapsgefokusde polisiëring verwys normaalweg na konsepte soos gemeenskapspolisiëring,✓ gemeenskapsgeoriënteerde polisiëring✓ en probleemgeoriënteerde polisiëring.✓

(20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou